# ATKV-Tienertoneel 2012




## Droom van die projek

Om 'n liefde vir Afrikaanse toneelspel en –kyk by hoërskoolleerders te kweek sodat leerders hulle eie kreatiwiteit en talente daardeur kan ontgin en ontwikkel.

## Uitlewing van hierdie droom

Met Tienertoneel word elke regisseur aangemoedig om die leeders soveel geleenthede as moontlik te gee om by al die aspekte van die projek betrokke te raak, met ander woorde by die regie, kostuums, dekor, grimering, beligting, klank en verhoogbestuur.

## Wie kan deelneem aan ATKV-Tienertoneel

- ATKV-Tienertoneel is 'n nasionale kompetisie vir **hoërskoolleerders**, dus **mag slegs sekondêre skole deelneem**.
- **Elke skool word beperk tot 'n maksimum van drie (3) toneelstukke wat ingeskryf mag word vir die ATKV-Tienertoneelkompetisie 2012.**

## Prosedure om in te skryf

- **Baie belangrik**: **Inskrywings word slegs aanvaar indien u vooraf telefonies by Belinda Parkin, 011 919 9013 bespreek het!**
- Die inskrywings sluit **4 Mei 2012**.
- U kan die inskrywingsvorm aflaai by www.atkvprojekte.co.za. Volg die skakel na **Tienertoneel** en kliek dan op **Inskrywingsvorm**. E-pos die inskrywingsvorm aan belindap@atkv.org.za of faks na 011 919 0203.
- Die inskrywingsgeld beloop **R490 per toneelgroep**.
- Betaal asseblief die inskrywingsgeld in die volgende rekening:

| | |
|---|---|
| Bank: | Absa, Randburg |
| Rekeninghouer: | Die ATKV |
| Tjekrekeningnommer: | 017 016 67 28 |
| Takkode: | 632 005 |
| **Verwysing:** | **"Tienertoneel" en die skool se naam** |

- E-pos asseblief die bewys van die betaling (duidelik gemerk met die skool se naam) ook aan belindap@atkv.org.za of faks na 011 919 0203.

- Skole moet die ATKV voor of op **22 Junie 2012** van drie afskrifte van die toneeltekste voorsien plus een afskrif van die Dalro-magtiging (sien "**Opvoerregte**").
- Die toneelteks (slegs een wanneer dit gefaks of ge-e-pos word) en Dalro-magtiging kan ge-e-pos word aan belindap@atkv.org.za of faks na 011 919 0203.
- Afskrifte kan ook gepos word aan:

  Belinda Parkin
  ATKV
  Posbus 4586
  RANDBURG
  2125

- Dit is uiters belangrik vir die organisasie van die projek dat daar by die sluitingsdatums vir inskrywings en inhandiging van verskeie dokumente gehou moet word.

## Kansellasiebeleid

*Inskrywingsgeld sal slegs terugbetaal word indien skriftelike kennis van onttrekking of kansellasie ten minste 30 dae voor die aanvang van die eerste streeksfees deur die ATKV ontvang word of indien die geleentheid deur die ATKV gekanselleer word.*

## Streeksfeeste

Elke streeksfees het beperkte plek beskikbaar; bespreek dus vroegtydig!

| | | |
|---|---|---|
| **KwaZulu-Natal** | **Word bepaal deur die aantal inskrywings*** | |
| **Noordwes** | **Sanlam Ouditorium, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit** | **30 Julie - 4 Augustus** |
| **Mpumalanga** | **Hoërskool Ermelo Ouditorium** | **1 - 4 Augustus** |
| **Gauteng-Wes** | ***Joburg Promusica Theatre*** (Roodepoort) | **6 – 11 Augustus** |
| **Oos-Kaap** | ***The Savoy Theatre*** (Port Elizabeth) | **8 - 11 Augustus** |
| **Vrystaat** | **Wynand Mouton-teater** (Bloemfontein) | **13 - 18 Augustus** |
| **Gauteng-Oos** | **Springs Stadsteater** | **15 – 18 Augustus** |
| **Gauteng-Noord** | ***Unisa Little Theatre*** (Pretoria) | **20 - 25 Augustus** |
| **Suid-Kaap** | ***George Arts Theatre*** | **22 - 25 Augustus** |
| **Wes-Kaap** | **Durbanville Ouditorium** | **27 Augustus – 1 September** |

*Let wel: KwaZulu-Natal se datums en venues is onderhewig aan die aantal en ligging van die inskrywings.
***Neem kennis dat die datums van alle streeksfeeste onderhewig is aan verandering**!

- Enige skool kan aan **enige streeksfees** deelneem. Hierdeur bied ons die skole die geleentheid om deel te neem op 'n datum of by 'n plek wat hulle die beste pas.
- Daar word vanjaar weer tien streeksfeeste aangebied.
- Die aantal besprekings wat vir 'n spesifieke streeksfees ontvang word, sal bepaal vir hoeveel dae daar vertonings in die teater gelewer sal word, maar die maksimum tydperk vir 'n streeksfees is ses dae (Maandag – Vrydag).
- Die Vrydagaand van elke streeksfees sal aangekondig word watter vier toneelstukke deurdring na die Saterdagaand se streeksfeesfinaal.
- Elke toneelgroep sal op die dag van hul optrede die geleentheid kry om vir **een uur te repeteer**. Daar word aanbeveel dat hierdie geleentheid as 'n tegniese repetisie gebruik word.
- Slegs **basiese klank en beligting** sal in die teaters beskikbaar wees.
- Repliek sal aan die einde van elke aand gelewer word indien die tyd dit toelaat.
- Sertifikate vir individuele prestasies sal elke aand toegeken en oorhandig word.
- Die aantal toneelstukke wat deurdring na die nasionale finaal tydens die Aardklop Nasionale Kunstefees sal ná samesprekings met die bestuur van Aardklop bekend gemaak word.

## Finaal

Die nasionale finaal vind ***voorlopig*** plaas tydens die Clover Aardklop Nasionale Kunstefees in Potchefstroom van **2 - 6 Oktober 2012**.

## Beoordeling

- Die ATKV behou hom die reg voor om beoordelaars by enige streeksfees te laat beoordeel soos wat die inskrywings dit toelaat.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie sal deur die loop van of ná afloop van die kompetisie daaroor gevoer word nie.
- Die toneelgroep sal 'n **repliekvorm** ontvang per faks of e-pos **nadat al die streeksfeeste afgehandel is**.
- Kriteria vir beoordeling:
  Hier volg 'n voorbeeld van 'n beoordelaarsvorm.

ATKV

# ATKV-Tienertoneel 2012

## BEOORDELAARSVORM

| | |
|---|---|
| Skool: | |
| Toneelstuk: | |
| Datum: | |
| Handtekening van beoordelaar: | |

A. **GLOBALE INDRUK**

--------------
**100**

B. **ONTLEDING**

1. REGIE
   - Goeie teks/Verbeeldingryke keuse
   - Geheelindruk
   - Deurdagte produksie
   - Netjies afgerond
   - Verhooginkleding: Dekor/Kostuums/Beligting/Grimering/Byklanke/Rekwisiete

--------------
**30**

2. SPEL
   - Oortuigende karakteruitbeelding
   - Oordrewe en/of afgeskeepte spel
   - Het elke speler stem, gebare en bewegings ten volle benut?
   - Is dialoog natuurlik en duidelik gelewer?
   - Spontane samespel/Ensemblespel

--------------
**35**

3. TEGNIESE ASPEKTE
   - Doeltreffende hantering van aangewende tegniese toerusting
   - Tegniese organisasie, byvoorbeeld verhoogbestuur, Dekorwisselings en ordening van rekwisiete

--------------
**20**

4. KEUSE VAN STUK
   - Die stuk val binne die verwysingswêreld van die groep
   - Die stuk val binne die vaardigheidsvermoë van die groep

--------------
**15**

Totaal Afdeling B:

--------------
**100**

**TOTAAL**:

*Gemiddelde % vir Afdeling A en B: …………………………..*

## Toekennings

- Indien skole die uitslag van die streeksfeeste wil gebruik in die bepaling van merietetoekennings aan leerders kan die volgende kriteria gebruik word:

  ★ Tydens **STREEKSFEESTE**

  ’n **Brons ATKV-sertifikaat** vir ‘n spesifieke aspek = 70% - 75%
  ’n **Silwer ATKV-sertifikaat** vir ‘n spesifieke aspek = 76% - 85% = halwe erekleure
  ’n **Goue ATKV-sertifikaat** vir ‘n spesifieke aspek = 86% + = volle erekleure

  Sertifikate vir spesifieke aspekte sluit in:
  - Beste akteur of aktrise vir die vertolking van ’n rol
  - Groep vir ensemblewerk
  - Regisseur vir regie
  - Tegniese persoon vir hantering van ’n tegniese aspek
  - Skrywer vir ’n nuutgeskrewe teks
  - Spesiale melding vir bv. dekor, kostuums, grimering, rekwisiete, ens.

  **’n Sertifikaat vir erkenning van deelname aan die streeksfeesfinaal** = deelname op provinsiale vlak = halwe erekleure

  ★ Tydens die **NASIONALE FINAAL**

  Elke deelnemer aan die finaal ontvang ’n **goue ATKV-sertifikaat** = deelname op nasionale vlak = volle erekleure

  **Toekennings vir individuele presteerders** op nasionale vlak sluit in:
  - Beste hantering van tegniese aspek(te)
  - Beste ensemblewerk
  - Belowende spel in ’n rol
  - Beste vroulike speler in ’n ondersteunende rol
  - Beste manlike speler in ’n ondersteunende rol
  - Beste aktrise in ’n hoofrol
  - Beste akteur in ’n hoofrol
  - Beste regisseur

  Elkeen van die individuele wenners ontvang ’n **goue ATKV-erepenning**.

  **Die nasionale wenner ontvang R20 000 en die ATKV-Tienertoneelwisseltrofee**!

  **Die naaswenner ontvang R10 000**.

- Let asseblief daarop dat die toeken van erekleure by skole en die erkenning van prestasies onafhanklik van die ATKV geskied. Die riglyne vir die toekenning van erekleure hierbo is slegs ’n aanduiding van prestasievlakke binne die kompetisie.

## Reëls

- **<u>Baie belangrik</u>**: Inskrywings word slegs aanvaar indien u vooraf telefonies by Belinda Parkin, 011 919 9013, bespreek het!
- Sodra die telefoniese bespreking gemaak is, moet die inskrywingsvorm volledig ingevul en onderteken word deur die **skoolhoof**.
- Onvolledige en valse inligting of die versuiming om die inskrywingsvorm te laat teken deur die skoolhoof kan lei tot die diskwalifikasie van die inskrywing.
- **Slegs sekondêre skole word toegelaat om in te skryf**. Spelers moet dus tussen die ouderdomsgroep van 13 tot 18 jaar wees.
- Die **tydsduur** van die toneelstukke mag **nie korter as 20 minute** en **nie langer as 45 minute** wees nie.
- Daar word slegs **vyf minute voor en na** die opvoering toegelaat vir **dekorwisseling**. Hierop sal streng gelet word. Daag dus voorbereid op.
- Toneelstukke moet oorwegend Afrikaans wees.
- Indien kragwoorde gebruik word moet dit in konteks wees.
- Die hoof van die skool moet verklaar dat die stuk minstens een keer voor die skool en skoolgemeenskap opgevoer is voor deelname aan die ATKV-Tienertoneelkompetisie en dat dit sy goedkeuring wegdra.
- Groepe mag van professionele hulp gebruik maak.
- **Skole word beperk tot ’n maksimum van drie (3) toneelstukke wat ingeskryf mag word vir die ATKV-Tienertoneelkompetisie 2012. Die aanbeveling is dat u op kwaliteit in plaas van kwantiteit konsentreer**.
- Groepe is self verantwoordelik vir hulle dekor. Aangesien die beoordelaars en organiseerders bewus is van die probleme wat met die vervoer van dekor ondervind word, word aanbeveel dat u van gestroopte stelle met net funksionele dekorstukke en rekwisiete gebruik maak. Let wel: Daar word nie tydens beoordeling in ag geneem hoeveel geld aan die produksie spandeer is nie.
- Groepe is self verantwoordelik vir hulle vervoer- en verblyfreëlings tydens die streeksfeeste en die finaal.
- **Skole wat inskryf mag slegs van hul eie leerders gebruik maak**. Waar daar ’n wesenlike probleem is, byvoorbeeld ’n meisieskool wat ’n persoon vir ’n seunsrol benodig, moet vooraf toestemming van die ATKV en die betrokke skoolhoofde verkry word.
- Die ATKV behou hom die reg voor om te bepaal watter en hoeveel stukke na die finaal kan deurdring.
- Die ondertekening van die inskrywingsvorm bring ’n basiese ooreenkoms tussen die ATKV en die persoon(e) of instansie wat inskryf tot stand. Hierdie ooreenkoms impliseer dat die persoon(e) of instansie wat inskryf streng volgens die reëls van die kompetisie sal optree en dat die ATKV die kompetisie streng volgens die reëls sal aanbied.
- Oortreding of die nie-nakoming van die reëls van hierdie kompetisie kan lei tot die diskwalifikasie van die inskrywing.

- Die persoon(e) of instansie wat inskryf, vrywaar die ATKV van enige eise wat mag ontstaan as gevolg van skade of verlies van watter aard ook al wat so ’n persoon(e) of instansie mag ly gedurende die hele verloop van die kompetisie.
- Die ATKV behou hom die reg voor om die kompetisie enige tyd op te skort of te beëindig indien buitengewone omstandighede dit noodsaak.
- Persoon(e) of instansies wat inskryf, moet beskikbaar wees om tydens die finaal van die kompetisie op te tree sonder vergoeding en die ATKV behou hom die reg voor om indien ’n finalis nie die finaal van die kompetisie kan bywoon nie, sodanige betrokke finalis te vervang met ‘n ander persoon(e) of instansie wat die tweede beste in die beoordeling gevaar het.

## Toneeltekste

- Die tydsduur van die toneelstukke mag nie korter as 20 minute en nie langer as 45 minute wees nie.
- Die beoordelaars sal ook streng daarop let dat vyf persent afgetrek word van die finale punt vir elke vyf minute wat die stuk langer is as die voorgeskrewe tyd.
- Drie afskrifte van die toneeltekste moet die ATKV voor of op **22 Junie 2012** bereik.
- Afskrifte moet gepos word aan:

Belinda Parkin
ATKV
Posbus 4586
RANDBURG
2125

- Die toneelteks (slegs een wanneer dit gefaks of ge-e-pos word) kan ook ge-e-pos word aan belindap@atkv.org.za of faks na 011 919 0203.
- Hou in gedagte dat die beoordelaars geleentheid moet kry om die tekste deur te gaan. Indien ons nie die tekste betyds ontvang nie, benadeel u die toneelgroep.

## Opvoerregte

- Onthou die opvoerregte! Opvoerregte moet vir alle reedsbestaande ingeskrewe stukke verkry word en ’n afskrif van die magtiging of toestemming om magtiging moet die inskrywingsvorm vergesel.
- Navrae in verband met opvoerregte moet gerig word aan DALRO by **011 712 8330** of e-pos **theatricals@dalro.co.za**. Besoek ook www.dalro.co.za vir meer besonderhede oor DALRO.
- Vir die verkryging van bestaande tekste kan u die **Nasionale Toneelbiblioteek** kontak by **051 405 8293/54**.
- ’n Dramatiese of letterkundige werk mag nie sonder toestemming van die outeursregeienaar of sy verteenwoordiger in die openbaar opgevoer word nie en daar mag ook nie sonder die nodige toestemming ’n verwerking, vertaling, aanpassing, ensovoorts van ‘n outeursregwerk gemaak word nie.
- Die Dramatiese, Artistieke en Regte Organisasie (Edms.) Beperk (DALRO) administreer die outeursreg in die werke van die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaanse outeurs en ageer as die plaaslike verteenwoordiger van derduisende oorsese skrywers ingevolge ooreenkomste met buitelandse outeursreg-organisasies, uitgewers en ander reghebbendes. Alvorens daar met die beplanning van ’n opvoering vir enige toneelwerk voortgegaan mag word, moet daar eers by DALRO navraag gedoen word of opvoerregte vir die bepaalde stuk verkry kan word. Die inligting wat DALRO normaalweg nodig het, is die volgende:
    - Titel van die werk
    - Outeur van die werk
    - Uitgewer van die werk
    - Titel van die versameling indien die werk as deel van ’n versameling gepubliseer is
    - Enige opdrag met betrekking tot opvoerregte wat in die gepubliseerde teks mag verskyn
- Van belang vir die voornemende opvoerder is dat hy nie sonder ’n geldige skriftelike magtiging of lisensie ’n outeurswerk op die planke mag bring nie. Hierdie magtiging of lisensie sal uitgereik word nadat opvoerregte toegestaan is en die verskuldigde tantièmes (outeursgelde) betaal is.
- ’n Belangrike waarskuwing: Daar is heelwat ongemagtigde vertalings beskikbaar. Moet dus nie aanvaar dat ’n vertaalde stuk wat êrens in die hande gekry is, opgevoer mag word nie. Maak seker dat DALRO kennis dra van die vertaling en of opvoerregte daarvoor beskikbaar is. Indien ’n vertaalde stuk opgevoer word, moet die naam van die vertaler saam met dié van die dramaturg vermeld word.
- Aansoeke om opvoer- of vertaalregte moet DALRO vroegtydig bereik. Dit is raadsaam om ten minste drie maande voor die beplande opvoering die aansoek in te dien, veral in gevalle waar die regte van oorsese skrywers betrokke is.

# Tienersterre skitter!

**Hoërskool Louis Trichardt** se produksie, ***Loodballon***, was die **algehele wenner** van ATKV-Tienertoneel 2011. Tien tienertonele is beoordeel tydens die finaal wat plaasgevind het by die Clover Aardklop Nasionale Kunstefees en Hoërskool Louis Trichardt het vir die tweede jaar met die wisseltrofee en R20 000 uit die stryd getree. **Nico Scheepers**, 'n oudleerling van die skool, is as die **beste regisseur** aangewys. Hy het die teks geskryf wat die kwessie van molestering aanspreek en maak gebruik van fisiese teater waardeur liggaamsbewegings en momente op die verhoog uitgebeeld word om emosie oor te dra. **Arno Venter** wat die pa in *Loodballon* gespeel het, is as die **mees belowende akteur** aangewys.

Die **naaswenner** is **Hoër Meisieskool Bloemhof** met ***Bernarda*** en hiermee het hulle R10 000 teruggeneem Stellenbosch toe. Die toekenning van **mees belowende aktrise** is aan **Ronnay Jones** toegeken vir haar rol as Poncia, die bediende, in hierdie nuutgeskrewe teks deur Christiaan Olwagen. Die **beste vroulike speler in 'n ondersteunende rol** was **Ashley de Lange** vir haar rol as Adela, een van Bernarda se dogters. Hierdie stuk het nóg 'n prys verower – dié van **beste ensemblewerk**!

***Haar naam was Hana*** deur **Hoërskool Jan van Riebeeck** was in die derde plek aangewys. **Wilhelm Schumann** is as die **beste manlike speler in 'n ondersteunde rol** aangewys vir sy vertolking van George Brady in hierdie nuutgeskrewe teks deur Libby Daniels wat die effek van die *Holocaust* op veral kinders uitbeeld.

**Hoërskool Fochville** het in die vierde plek geëindig en die **beste aktrise in 'n hoofrol** was **Maristi Swanepoel** vir haar rol as Soekie in ***Mallewales***.

**Hoërskool Brackenfell** se ***Bulldozer*** is in die vyfde plek aangewys.

**Jacques Crafford** wat Kobus in **Hoërskool Martin Oosthuizen** se ***Kobus en Wicus – 'n verhaal*** vertolk het is as die **beste akteur in 'n hoofrol** aangewys.

***Blomme is nie seer nie*** van **Hoërskool Durbanville** is beloon met die toekenning van **beste hantering van tegniese aspekte**.

Die doel van die **ATKV-C.R. Swartprys** is die daarstelling van goeie opvoerbare nuwe eenbedrywe vir skole. Al die nuutgeskrewe tekste wat ingeskryf word vir ATKV-Tienertoneel, word ook in aanmerking gebring vir die ATKV-C.R. Swartprys van die volgende jaar. Agt en veertig nuutgeskrewe tekste van 2010 is deur die loop van 2011 deur dr. Peet Jansen van Rensburg en Wim Vorster beoordeel. Die tekste word beoordeel op grond van tema, verhaallyn of intrige, karakterisering en toneelmatigheid. Twee tekste het in 2011 hierdie gesogte prys gedeel: ***Wat's in 'n naam? Faam of flop?*** deur **Johann Smith**. En ***die GROOT afrikanerskat*** deur **Barnie Mans** en **Jaco Visser**.




**Hoërskool Louis Trichardt tydens die prysuitdeling saam met Waldemar Schultz en Japie Gouws (Besturende Direkteur: ATKV-groep).**